

SARS VERWELKOM DIE MARK LIFMAN HOFUITSPRAAK

PRETORIA, Dinsdag 11 Junie 2019 - SARS verwelkom die uitspraak gelewer teen Mnr. Mark Roy Lifman en 35 aansoekers in die Wes-Kaapse Hooggeregshof op Dinsdag 11 Junie 2019.

Dit volg na 'n uitstelaansoek deur Lifman om SARS se invorderingsaksie te stuit.

SARS het in 2015 begin met invorderingstappe teen Lifman, maar die eenheid wat die ondersoek uitgevoer het is in 2016 ontbind.

Lifman se aansoek was gebaseer op sy bewering dat uitsonderlike omstandighede bestaan waaronder SARS verbind het tot 'n interne hersiening en om die uitgereikte aanslae te heroorweeg. Hy het beweer dat dit aan hom gekommunikeer is deur 'n SARS ouditeur uit die Kaapstadkantoor.

SARS het bevestig dat die optrede van die ouditeur ongewoon was en dat die individu gevolglik die organisasie verlaat het.

Die Hooggeregshof het die volgende bevestig:

- Die Wet op Belastingadministrasie van 2011 maak geen voorsiening vir die heroorweging van 'n aanslag soos in die aansoek aangevoer nie;
- Die toepaslike meganisme om 'n dispuut te rig teen 'n aanslag wat deur SARS uitgereik is, is deur die dispuutoplossingsbepalings soos in die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011 vervat; en
- dat Lifman se aansoek blyk om misbruik van die proses te wees.

Hierdie uitspraak stel SARS in staat om voort te gaan met invorderingstappe teen Mnr. Lifman en die 35 aansoekers.